Ges. ~~10 7: 1, 3.~~ Kersbrood | Potch 8 Des. 1957.
Ges. 46:1, 4, 7. Exodus 16:1-12. | a) Kp 6 Des. 1959
" 107: 2, 4. Joh. 6:28-51

Joh. 6: 51 – Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het.

'n Nederl. skrywer, J.H. Gilliams Smit, verhaal in 'n klein boekie getiteld „Kersbrood" hoedat op die laaste S/aand van April 1945 daar 2 dinge gebeur het in Europa wat duisende mense geraak het: (1) op dd. aand is Mussolini deur sy eie volk gedood en saam met sy minnares, kop na onder, opgehang (2) dieselfde aand het daar oor Amsterdam in Holland 'n onvergeetlike tafereel afgespeel toe na maande van hongersnood, daar brood uit d. hemel op Amst. neergedaal het toe talle v. vliegtuie v.d. Engelse + Amerik. lugmag hd. Godsgeskenk aan 'n verhongerende stad gebring het. Reaksie: gejuig, lakens geswaai, trane, dankgebede.

Brood uit d. hemel. ~~Iemand anders het eeue voor~~ Vir ons wat d. Bybelgesk. ken is dit ~~hs. spesiaal ook~~ nie snaaks nie – want eeue gelede het dit reeds gebeur toe 'n ganse volk i.d. woestyn gevoed is met brood uit d. hemel. Maar wat toe eienaardig was, het nog wonderliker geword toe Iemand eendag, in die volheid v.d. tyd, na hd. wêreld gekom het m.d. ongelooflike ~~bewering~~ aanspraak: „Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het" Ha. Man, Jesus, kan sê dus: Ek is d. Kersbrood wat uit d. hemel ~~kom~~ neerdaal om hongerige + dorstige mense te voed. „Bethlehem" = huis v. brood.

Reeds vroeër in sy aardse loopbaan – heel a.d. begin – het Jesus gesê dat sy koms dié was van brood: „Die Gees v.d. Here is op My, omdat Hy My gesalf het om d. evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om

dié wat verbryseld van haat is, te genees; om aan die gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om dié wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar v.d. Here aan te kondig"

Dit was dan ook nie [bewys hoe] lank na die begin v. sy openb. loopbaan dat Hy wonderbaarlik Hy voorsien in d. mens se aardse, ligg. behoeftes: brood vir d. hongeriges & wyn vir d. dorstiges. Maar dis nog net die begin: ook d. blindes kry brood wat deur hulle weer sien; kreupeles begin loop, stommes begin praat — alles deel v.d. brood wat Jesus uitdeel! || En asof dit nog nie genoeg is nie, vertel Jesus een gelykenis na d. ander om ons oë te open vir d. arme, die ellendige, die verstotenes, die niksgeskeude 'n helpende hand te reik. (Vgl. d. Barmhartige Samaritaan, d. ryk man & Lasarus). Ja, die honger na d. daagl., aardse brood het Hy ryklik voorsien — te meer toe Hy ons d. reg gegee het ~~leer bid~~ om te bid: „Gee ons v/d onse daagl. brood"

|| Maar, sê u, is dit al? Die Bybel sê tog self: „die mens sal van brood alleen nie lewe nie". Wat v.d. mens se honger na d. ware brood. die brood wat sy siel moet voed?

O, u ken seker ook iets van dd. honger — die honger van lewende mense na:

① Die brood v. liefde: Elke mens wat werklik lewe het 'n diep & onuitsprekbare honger na liefde: om liefde te ontvang — en om liefde te gee. En as daar nie hd. liefdesbrood te kry is nie, dan gryp d. mens na enigiets — dan vra hy om brood en kry hy 'n klip om te eet. En hoe onverteerbaar is hd klippe!

② Die brood van vrede: O, hoe diep en brandend is d. verlange in duisende harte na vrede — na 'n be-eindiging van haat & nyd, van twis en tweedrag, afguns & jaloesie tussen volk & volk; mens & mens! Hoeveel gebede gaan daar nie op om 'n keer in 'n samelewing waarin ware geluk sal woon & alle geweld sal gemeer word!

③ Die brood van geregtigheid: Hoeveel smagting is daar nie na meer geregtigheid & reg tussen mense en God, ~~& mens~~ mens & mens! Hoe aanskou ons nie elke dag hoedat onsself & baie ander, ontstig die een onreg na d. ander pleeg nie! hoop met allerlei skuldgevoelens & gewetenskwellinge!

④ Die brood van waarheid ~~verlossing~~: Maar meer as al d. ander dinge is daar d. dors in ons harte na verlossing: om te weet wat is waarheid, om d. krag te hê om vir dd. waarheid te lewe!

— Xtus se voorsiening van hd. brood:

Kan Hy sy aanspraak waar maak? of dit alles sommer ydele praatjies?

① Liefde: Was dit nie d. hoofdeel van Gods sending v. Xt. na d. wêreld: Joh 3:16? Is dit nie d. groot liefheid v. Agapē wat aan d. hele wêreld werklik? Het dd. liefde nie na 'n hemeltop gevaar nie? „Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het"

② Vrede: Watter vrede het J.X. kom gee? Byna 2000 jr. sedert sy geboorte is verby toe engele d. nag oor d. velde v. B. gesing het: „Vrede op aarde"! — en waar is die vrede? Geweld groter as ooit — oorlogsmake laai op ....

Jesus sê (Joh 14:27): — „Vrede laat Ek julle na, my vrede gee Ek julle" — Die aard v. hd vrede: hoe bewys teenoorder. stoms! Xtus nooit 'n utopia van uiterl. vrede tussen mense beloewe: afvoor te groei d. mag v. sonde gekeer!

③ <u>Geregtigheid:</u>

④ <u>Waarheid:</u>

→ Ons: glo al hd. dinge. Bely al hd. dinge. Vanaf Kersfees verlede jr. – hele jr lank + het God ons gevoed op hd. hemelse brood: in d. kerk, Huislike Skool, oor d. radio, in boeke & traktate. gesmul daaraan: versadig & versterk.

Ja: maar hoeveel van ons het d. brood uit ons hand ontvang? Hoeveel het in ons & deur ons 'n gesig gekry v. Jesus se liefde, vrede, geregtigheid, waarheid? As daar in ons hart & hand baie meer d. tekens was v. haat, van angs & onsekerheid, van onvredeloosheid, van onwaarheid & valsheid!? As ons nie d. moeite gedoen het om d. brood uit te dra aan hongerende & dorstige siele? U dit gedoen? Indien nie – weet u waarom nie? Omdat U nog nooit besef het wat dit God gekos het om hd. Kersbrood te besorg, wat dit Xt. gekos het om hd. noodlanding te doen + hd. brood aan ons voor te sit! Ons vermaal & gestamp & vertrap word om d. lewe te gee!